

# Die Lewende Kerk



**'n Lewe van Oorwinning**

Weekblad van Die Gereformeerde Gemeente Bergbron  
Sondag 30 Augustus 2015

## **Baie Welkom by ons Nagmaaldiens!**

[www.bergbron.org.za](http://www.bergbron.org.za)

### **Erediens**

Vandag se erediens word gelei deur  
pastor Gordon Calmeyer en ds Stephan Briel

### **Omgee:**

- Hettie Beyleveldt is Maandag geöpereer in Flora Kliniek.
- Bertha Koekemoer is uit Flora Kliniek ontslaan en sterk tuis aan.
- Susan Botha ontvang behandeling vir melanoomkanker.
- Martie se ma is uit die hospitaal ontslaan, en sterk aan nadat die operasiewond behandel is.

### **Offergawes:**

Kollektes tydens die diens:

Diakonie sakkie 'D' gemerk: Vir die versorging van behoeftiges.

Ongemerkte sakkie: Vir instandhouding van die erediens.

## Afkondigings: ☀

- **Ons vier vandag Nagmaal.**
- **Kerkraadsvergadering** DV Dinsdag (2 Sept) om 19:00 in die kuierkamer.
- **Die tweede deel van die Droomkursus** vind vanaand (30 Aug) in die kerk plaas.
- Ds Stephan se **katkisasiegroep** kom vanmiddag om 16:30 in die kuierkamer bymekaar. Om 17:30 begin die JAM byeenkoms.
- 'n **FFI vlak 1** seminar word beplan vir 3-5 September by Bergbron. Besprekings kan by ds Stephan gedoen word.
- **Kursusse** vir die res van die kwartaal: 3-5 Sept FFI vlak 1 Bergbron; 11-13 Sept Oorwinnaars Reitz; 19 Sept Arise Bergbron; 18-20 Sept Oorwinnaars Alberton.
- **Tee/koffie skinkbeurte** – **vandag** skink ons nie, want ons het die Teelepel-ete na die Nagmaal. **Volgende Sondag** skink Groep 4, DIAKENS.
- **Vir afkondigings of berigte** (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (011 673 9705, [kantoor@bergbron.org.za](mailto:kantoor@bergbron.org.za) of sms na 072 651 8286).

## Nagmaal 30 Aug – Teelepel-ete!

Vandag na die Nagmaaldiens gaan ons kuier met heerlike geregte wat met teelepels opgeskap gaan word! Almal is welkom. Dankie vir almal se lekker bydraes.

## Foto's van lidmate

Stuur asseblief 'n kop-en-skouers foto of 'n gesigfoto van jouself per whatsapp of per e-pos – met jou naam en van – na Ankie. Verkieslik in jpg. formaat, asseblief. Die adres is [kantoor@bergbron.org.za](mailto:kantoor@bergbron.org.za). of whatsapp by 072 651 8286. Indien jy wil, kan Vernon-hulle vandag na die erediens 'n foto van jou neem in of net buite die saal. Vra gerus vir hom.

## Lekker verjaar ...! 🕯

Verjaardae vandag en in die week:

02/09 MAUREEN MOOKI 073 158 7361

03/09 GEORGE RUTHVEN

# Mag die Here jou oorvloedig seën

## Wil jy by die gemeente aansluit?

Vul asseblief 'n **pienk vorm** in - op die tafel by die deur. As jy 'n attestasie of bewys van lidmaatskap het, gee dit saam met die vorm vir die predikant. Bel ds. Stephan (011 477 2133 of 082 253 3029) of vir Ankie by die kerkkantoor(011 673 9705).

## Die uur wat die wêreld verander

Die week is ons by aspek 10 van die 12 aspekte van gebed.

**Oordenking (meditasie) is om 'n saak dieper te oordink of te ondersoek, om dit geestelik te evalueer.**

*Dit gaan goed met die mens .....wat in die woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink. ( Ps . 1:1 – 3 ) Hierdie wetboek moet die rigsnoer wees vir alles wat jy sê. Oordink dit dag en nag en sorg dat jy alles uitvoer wat daarin geskryf staan. Dan sal jy slaag in wat jy moet doen, jy sal voorspoedig wees. (Jos. 1:8 )*

- Mediteer (oordink) oor die wese en die natuur van die Drie –Enige God, sy skepping, sy dae (werke) en karakter.
- Neem 'n spesifieke tema uit die Skrif en dink daarvoor (geregtigheid, liefde, waarheid, lig, vrede, heiligheid, ens. )
- Neem 'n Skrifgedeelte en oordink dit (mediteer )
- Maak God self die hoofokus van jou meditasie/oordenking: sy werke of dae, sy Woord, sy karakter.

Christelike oordenking (meditasie) staan teenoor Oosterse meditasie. In Oosterse meditasie gaan dit hoofsaaklik oor 'n passiewe gemoedstoestand en oor jou verstand" leeg" te maak. Vir die Christen is oordenking 'n aktiewe proses van evaluering, ondersoek en bepeinsing waarby jy met jou volle verstand betrokke is en waar jy jou deur die Skrif en die Heilige Gees laat lei. Oordenking is om gedissiplineerd na te dink . Waak dat die Satan nie sy gedagtes in jou plant nie. Waak ook teen negatiewe gedagtes in die periode. Bedink alles wat waar, rein, edel, reg, mooi en prysingswaardig is. Wanneer jy 'n betrokke gedeelte uit die Skrif oordink moet jy onder andere vir jouself vra wat hierdie gedeelte vir jou wil sê.

## Baie dankie!

- Tannie Marie Erasmus sê: Ek wil net baie dankie sê vir al die gebede, oproepe en besoeke in die tyd van my siekte. Dit gaan al beter, maar julle voorbidding word steeds waardeer terwyl ek volledig herstel.

- Johanna de Klerk bedank almal wat so getrou help met die begrafnis by ons kerk: vir hulle wat al deur baie jare altyd kom help regmaak en bedien, asook die dames wat toebroodjies maak. Julle vele hande maak ligte werk!
- Neels Beyleveldt versorg weekliks die kerkterrein met sy tuindiensspan sonder vergoeding. Baie dankie hiervoor, Neels!

## Jy kan help...asseblief

- Daar is geleentheid om **persoonlike gebedsversoeke** te gee deur dit in die houer te gooi wat gemerk is op die tafel – Gerhard vra indien die Here jou gebed verhoor het kan jy iets soos ‘n blom op die tafel kom sit as teken.
- Die **swart krat** vir blikkieskos donasies wat agter in die kerk gestaan het, gaan meer prominent wees sodat ons kan onthou om nie-bederfbare items te bring.

## Bergbron besonderhede

**Bergbron webwerf:** [www.bergbron.org.za](http://www.bergbron.org.za)

Ds. Stephan Briel – herder en leraar: 011 477 2133, 082 253 3029,  
[stephan@bergbron.org.za](mailto:stephan@bergbron.org.za)

Musiekdiensgroep – Anneliese Marshall: 082 524 6414 of 011 678 3966,  
[marshall.anneliese@gmail.com](mailto:marshall.anneliese@gmail.com)

Jeug – Vernon Fortune: 071 217 7792, [vernonfor.vf@gmail.com](mailto:vernonfor.vf@gmail.com)

Gebedsgroep – Gerhard en Susan Botha 083 53 79770

**Bankbesonderhede:** Gereformeerde Gemeente Bergbron, ABSA Parktown, rek.  
180 350 349

Kantoorure: Dins, Do en Vrydae van 09:00 tot 13:00. Tel. 011 673 9705

[kantoor@bergbron.org.za](mailto:kantoor@bergbron.org.za)

**Diakens:** kontak Carel Cornelissen: 083 717 0003.

**Ouderlinge:** Pieter de Klerk 082 464 9480; Pierre Douglas 083 307 8865;

Martiens Ferreira 082 563 2610; Jacques Moolman 072 277 0036; Willie Volschenk 082 777 7734.

## Ander Nuus

- Ons Huis Tehuis vir Bejaardes: Jy kan wegneemetes elke Vrydag bestel by tel. 011 672 5018. (Lys op kennisgewingbord.) Hierdie Vrydag maak hulle worsbroodjies @ R 20 elk.

## THE CROSS COURIER

Die splinternuwe Engelse tydskrif vir die GKSA gaan eersdaags verskyn. Die besigheidsplan is ontwikkel. Die naam is gekies. Die logo is gemaak. Die redaksie is saamgestel. Die artikels stroom in. Nou kort ons net borge en fondse om die tydskrif by die lesers te kry. U kan 'n bladsy borg deur net R500 te skenk. Enige besigheid of individuele skenker is welkom om te help. Vir 1000 tydskrifte se ontwerp, druk en

versendingkoste beloop die uitgawes R6500. Die tydskrif kan ook bestel word teen R10 een.

Die artikels is gereformeerd en opbouend, geskryf in maklik verstaanbare Engels, vir jonk en oud, sodat almal dit kan lees. **Kontak vir Karin Bain 082 532 1620** of skryf 'n e-pos aan [office@thecrosscourier.co.za](mailto:office@thecrosscourier.co.za) as jy 'n bydrae wil lewer. Waar ons nou aan die begin van hierdie reuse taak staan vra ons u voorbidding.